

Nasionale biddag vir onderwys

Die 2012 matriekuitslae is nog vars in die geheue en onderbespreking in die media. Baie word gemaak van die beter slaagsyfer asook 'n groter aantal kandidate wat universiteitstoelating verwerf het. Hierdie positiewe syfers en tendense gee egter nie 'n getroue weergawe van die krisis waarin onderwys gedompel is nie. Alhoewel die tendens 'n stygende slaagsyfer die afgelope jare was is dit die mening van universiteitsdosente dat standaarde aan die daal is. Ongeveer 40% van nuwelinge-eerstejaarstudente druij jaarliks en 56% studente verlaat die universiteite ná vyf jaar sonder 'n graad. Syfers sedert 2007, toon dat kandidate met universiteitsvrystelling met 48% toegeneem het. Dit terwyl die getal suksesvolle kandidate met meer as 3 000 verminder het. Nog 'n groot uitdaging is die feit dat die huidige onderwysstelsel nie 'n verskil maak aan die toenemende aantal werklose jongmense nie. Tans is daar 'n werkloosheidsyfer van 25% onder blankes en waarskynlik meer as 40% by swart jongmense. Die feite is dat 500 000 leerders jaarliks die onderwysstelsel met 'n ontoereikende opleiding verlaat.

Ander statistiek wat die krisis in onderwys onderstreep is: Meer as 80% skole is disfunksioneel volgens die Nasionale Minister van Onderwys. Die groter meerderheid van graad 6 leerlinge toets minder as 35% vir geletterdheid en gesyferdheid. Internasionaal toets Suid Afrikaanse skole die slegste vir wetenskap en wiskunde. 'n Baie lae persentasie van jongmense wat matriek skryf kry goeie uitslae, sowat een derde wat matriek skryf druij, minder as een uit vier kry meer as 50%.

Wat is die rede hiervoor? Is dit 'n te kort aan geld? 'n Groot deel van die land se begroting, sowat 18,2% word aan onderwys spandeer. Armer lande soos die Seychelle, Tanzanië, Kenia, Swaziland en Botswana spandeer baie minder aan onderwys en het baie beter resultate. Is die rede vir swak prestasie swak administrasie, gebrekkige onderwysersopleiding, armoede? Die werklikheid is dat baie armer lande dieselfde probleme het maar hulle onderwysstelsel presteer baie beter. In kerklike kringe oor die spektrum is die persepsie dat die huidige probleem nie net 'n strukturele of 'n kurrikulêre probleem is nie. 'n Baie belangrike faktor is die afwesigheid van 'n morele basis in die onderwys omgewing. 'n Groot aantal onderwysers het 'n gebrek aan werksetiek, passie, dissipline, leierskap en roepingsbesef. Kinders voel dat onderwysers laat hulle in die steek.

Wat kan die kerk doen? Die skool in jou onmiddellike omgewing is dalk nie in 'n krisis nie maar ander skole wel. Hierdie skole is 'n uitdaging vir die kerk waar ons 'n verskil moet maak. Daar is 56 000 gemeentes van alle denominasies en 26 000 skole in die land, dit is meer as twee gemeentes vir elke skool. Die kerk kan 'n groot verskil maak en wel op die volgende wyses:

- Kerke kan baie doen om die onderwysberoep weer as roeping te vestig.
- Beskikbaarstelling van fasiliteite vir spesiale klasse in bv. wiskunde en wetenskap, ruimte vir naskoolse leerders.
- Beskikbaarstelling van jeugwerkers en aanbied van programme ten opsigte van waardes
- Voorbidding vir onderwysers
- Lidmate aan te moedig om op skoolbeheerrade te dien.
- Onderwysers te verseker van ondersteuning.
- Om ekumenies saam te werk aan die ondersteuning van 'n skool.
- Om ekumenies betrokke te raak by 'n beweging soos *Upward Bound*.
- Deur as gemeentes deel te neem aan die Biddag vir Onderwys om so solidariteit met skole te demonstreer.

Praktiese wenke vir die inrigting van die Biddag vir Onderwys:

- Nooi plaaslike onderwysers, skoolhoofde na die spesifieke erediens. Doen spesifiek vir hulle voorbidding tydens die liturgie. Sing hulle 'n seënbede toe. Besoek die plaaslike skole, nooi ander leraars saam, neem iets wat tydens pouse saam in die personeelkamer geniet kan word, saam. Gee die leraars geleentheid om vir die personeel voorbidding te doen.
- Bied hulp en ondersteuning aan, vra waar daar behoeftes is waar die kerk mee kan ondersteun. Dit kan 'n verskeidenheid wees: fasiliteite, mannekrag, kundigheid, hulp met kinders in die na-skool (bv. hulp met huiswerk ens.), voedselprojek vir minderbevoorregte kinders, ekstra klasse in Wiskunde, Wetenskap ens.

Sake waarvoor voorbidding gedoen kan word:

- Die ministers van Onderwys, plaaslike onderwys-strukture.
- Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde en onderwysers, dosente, ouers en leerders.
- Plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers, ouers en leerders.
- 'n Fokus vir 'n eie gemeentelike betrokkenheid.
- Voorbidding vir werklose jongmense

Kom ons doen dit vir ons land en sy kinders!